QW/AVD

20th. March, 1950.

H.A.Daimant, Esq.,
P.O.Box 6200,
JOHANNESBURG.

Dear Mr. Daimant,

You will have noticed from our General Purposes Committee minutes that the Institute contemplated a Courtesy Campaign as a way of easing racial tensions. At the last G.P.C. meeting, the matter was again discussed and it was felt that in view of my departure for six months, and the very large volume of work on our hands, it would be impossible for the Institute to carry out such a campaign. It was suggested however, that Rotary might be interested in the suggestion, and I and Mr. Rheinallt Jones were asked to make approaches to the Johannesburg Club.

Do you think you could raise it with the Non-European Affairs Committee with a view to having the matter raised at East London when the reactions of all clubs could be ascertained.

A campaign of this nature emanating from Rotary and with the backing of all kinds which Rotary can command throughout the country would be much more effective than if an organisation which is regarded as partisan were to try to launch it. Rotary could also secure the co-operation of other organisations e.g. the Road Safety Association.

If only we could secure that normal courtesies were observed between the races in the Union, much would be done to smooth away friction. It would be better all round, better for law and order, better for business, better for human relationship and human dignity.

If you wished, I could prepare a short memorandum on the subject.

Yours sincerely,

Quintin Whyte
DIRECTOR.

Posbus 97,

JOHANNESBURG.

28 Julie 1950.

**VERTROULIK.**

Dr. W. W. M. Eiselen,
Posbus 384,
**PRETORIA.**

Geagte Dr. Eiselen,

Dit spyt my om u lastig te val met die saak wat ek in diè brief aanvoer noudat u u hande so vol sal he ná u terugkeer uit Middel-Afrika. Ek voel egter dat dit 'n saak is wat u persoonlike aandag regverdig en my brief is slegs 'n poging om 'n bydrae te lewer tot die skep van beter rasseverhoudings in ons land wat op die oomblik 'n verskerping van slegte verhoudings tussen die rassegroepe ervaar.

Ek stuur u afskrifte van die volgende:-

1. 'n Brief deur Robson Hlatshwayo, 'n Bantoe-onderwyser van Komatipoort aan ons geskryf.

2. 'n Skrywe deur ons aan die Kommissaris van Polisie na aanleiding van Robson se brief, gerig.

3. Briewe aan en van die Eerste Minister.

Onlangs het ek 'n lang gesprek met Raadslid (N.V.R.) Paul Mosaka gehad. Hy voel diep besorgd oor die wyse waarop so baie van sy volksgenote deur blanke staatsamptenare - en veral Junior staatsamptenare - hier in Johannesburg behandel word en hy het my daarop attent gemaak dat, aangesien so baie van die amptenare Afrikaners is, ons Afrikaners die Bantoe tog nie kwalik moet neem as hulle tot die gevolgtrekking kom dat ons hardvogtig is in ons optrede teenoor hulle nie. In diè verband het hy veral na u Departement se paskantore op die Rand verwys. Ek was drie jaar lank in u Departement se personeelafdeling en

/ek....

ek weet dus uit persoonlike ervaring hoe uitermate moeilik dit is om personeel - om nie van geskikte personeel te praat nie - vir die Randse paskantore te vind. Die lewenskoste hier is hoog en bowendien is die werk in die paskantore nie aangenaam nie. Een van my take in u Departement was om tydelike personeel vir die baie vakatures in die paskantore te vind en uit ervaring weet ek dat ons gedwonge was om min of meer voor die voet aan te stel. Terselfdertyd het ek al destyds gevoel dat dit baie jammer was omdat die Rand so 'n brandpunt is waar die rassegroepe soos miskien op gee ander plek in ons land met mekaar in aanraking kom nie. Diè feit het ek al telkemale onder die aandag van my Kerk (Ned. Herv. of Geref.) gebring, aangesien ek gevoel het dat die Rand 'n ideale plek is vir ons sendingwerk.

Ek wil graag twee voorstelle aan u maak en vertrou dat u hulle u simpatieke aandag sal skenk:-

1. Dit is noodsaaklik dat manne met spesiale kennis van die Bantoe in die paskantore aangestel word, persone wat 'n duidelike besef het van die noodsaaklikheid van waardige en simpatieke optrede aan die kant van die blanke teenoor die Bantoe, mense wat deur hulle optrede aan die Bantoe sal bewys dat ons aanspraak op beskaafdheid nie slegs op teorie berus nie.

2. Aangesien ek bewus is van die moeilikhede verbonde aan die aanstelling van sulke mense, wil ek aan die hand doen dat u blanke inspekteurs aanstel wat die paskantore taamlik gereeld sal besoek, die optrede van junioramptenare sal waarneem en hulle met raad bedien wanneer dit nodig ge-ag word. Onder normale omstandighede staan die idee van gereelde inspekteurs my glad nie aan nie maar in diè geval is daar miskien heelwat te sê vir sodanige aanstellings.

Ons as Instituut het die hoogste vertroue in u senior amptenare omdat ons omgang met hulle duidelik toon dat hulle 'n sterk verantwoordelikheidsgevoel openbaar en die welvaart van die Bantoe op die hart dra. Hulle is egter oorlaai met werk en dus miskien nie altyd in staat om die beheer oor hul juniors uit te oefen wat, na my beskeie mening, in diè geval so noodsaaklik is nie.

Sal u asseblief my voorstelle in die gees waarin hulle gemaak is, oorweeg? Aangesien ek weet hoe besig u is, verwag ek nie 'n antwoord op my brief nie.

Met vriendelike groete,

Die uwe,

RTWS

afskrif van "Pimpreks oor die avoorde" - aangeheg.
[illegible]

**Collection Number: AD1715**

**SOUTH AFRICAN INSTITUTE OF RACE RELATIONS (SAIRR), 1892-1974**

## *PUBLISHER:*

*Collection Funder:-* **Atlantic Philanthropies Foundation**
*Publisher:-* **Historical Papers Research Archive**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2013**

## *LEGAL NOTICES:*

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document forms part of the archive of the South African Institute of Race Relations (SAIRR), held at the Historical Papers Research Archive at The University of the Witwatersrand, Johannesburg, South Africa.